`n Artikel oor `n optrede van Bok van Blerk – met `n opmerking oor Die Gang in die laaste paragraaf.

HUISGENOOT 2007
Hannelie Booyens

TERWYL ek en kollega Sieraaj Ahmed in die stampvol Blue Moon-amfiteater duskant Nelspruit sit en wag vir Bok van Blerk om sy ding te kom doen, dink ek oor die eerste keer dat ek die liedjie gehoor het. De la Rey.
Ek was by ou vriende wat weet van my verregse jeug en die staaltjies ken van volksfeeste, AWB-vergaderings en somber kultuursaamtrekke. En jou wragtie, toe die eerste akkoorde van De la Rey deur hul klankstelsel spoel, oorval die vreemdste nostalgie my.
Skielik is ek weer twaalf en staan ek aangedaan langs my ma in haar Voortrekkerrok en luister na ’n massa stemme wat op ’n Geloftedagviering uitbasuin: ‘‘En hoor jy die magtige dreuning, oor die veld kom dit wyd gesweef, die lied van ’n volk se ontwaking, wat harte laat sidder en beef.’’
Teen die tweede herhaling van die koor ‘‘De la Rey, De la Rey, sal jy die Boere kom lei, De la Rey?’’ weet ek: Dis musiek dié wat ’n baie spesifieke snaar tref. Dis ’n liedje wat tokkel aan verskuilde, byna vergete sentimente, wat die politieke dier in jou roer. Al sê Bok ook wat . . .

EN NOU sit ons onder ’n volmaan teen ’n koppie en wag om die jongste held van derduisende Afrikaanssprekende mense te hoor sing van die ou Boeregeneraal. Vanaand word die DVD van sy treffer-CD opgeneem en dis ’n gejuig wat die einste kranse hier agter ons rug laat antwoord gee.
‘‘Bokkie! Bokkie! Bokkie!’’ blêr die jonges ongeduldig terwyl Westlife en Chris de Burgh oor die luidsprekers dreun.
Elke nou en dan bulder iemand ‘‘De la Rey!’’, amper soos ’n oorlogskreet.
Gaan wurm jy jou tussen die jong klomp in en luister na wat hulle oor Bok sê, is sy passie vir Afrikaans ietwat ironies.
‘‘Ek dig sy music.’’ ‘‘Hy’s ’n cool ou.’’ ‘‘Ek like Bok, want hy like, sê dit soos dit is.’’ ‘‘Hy’s hot, hoor! Hot soos ’n potato!’’ brul ’n tiener in ’n Polisiekar-T-hemp. ‘‘Hey, dish ’n lekker song,’’ voeg sy besope vriend by.
Ek dink aan die stigtelike kinders in kakie en blommetjiesrokke by die feeste van my jeug. Volksmoeders soos tannie Anna Boshoff en Kobie Gouws sou gesidder het oor opgeskote meisietjies in spantoppies, mini’s en verblindende lipglans. Maar die meeste van die ouer mense vanaand hier lyk nog soos die konserwatiewe van ouds – vellies, kakiebroek en -hemp en ’n slaprandhoed. ’n Boer met ’n boepens het ’n Vierkleur op sy mou vasgewerk.
Dis dieselfde gesellige figure en oop gesigte as van toeka. Afrikaners is plesierig, ja. Maar onder die oppervlak bespeur ek ’n nuwe soort aggressie, ’n bedonnerdgeit, veral as die emmers vol Klippies en Coke begin inskop.
Dis dan wanneer ’n reuse ou Suid-Afrikaanse vlag sy verskyning maak reg voor die verhoog. Dit ontstel Sieraaj, die enigste gekleurde in die gehoor, en hy beteuel homself met inspanning.

Ja, ek voel ook so, wil ek sê, maar niks in die Suid-Afrika van vandag is eenvoudig nie. Die ou wat breëbors voor die vlag hurk, dra dan ’n T-hemp met ’n vredesteken op. En wat maak jy van Bok se gebalde vuis – mense soos Winnie Mandela se swartmag-teken – wanneer hy verklaar hy is trots op sy taal?
Glo dit maar, die tieners hier gaan net so tekere oor Karen Zoid, Polisiekar en Springbok Nude Girls. Hulle soek lekker musiek en ontvlugting, nie politiek nie. Iets in my wil ook vir Sieraaj sê, jong, moenie jou aan die ou vlag steur nie. Ek was al by vergaderings waar mense swastikas en gewere rondgeswaai het – dis nou rede tot kommer.
Maar in Suid-Afrika vandag is ’n vlag natuurlik ook nie net ’n vlag nie. Op hierdie aand in hierdie uitbundige gehoor staan dit vir soveel meer.
Dis nie net vir die lekker jol dat die mense opgeruk het nie. Hulle is ook hier om saam stoom af te blaas en nostalgies te wees. Om te luister na iemand wat iets van ’n vorige tydsgees vasvang en wat hulle weer laat trots voel om van Afrikaanse stoffasie te wees.
Eens het hulle mag gehad, invloed, aansien. Nie meer nie. Soveel van hul helde is tot skurke gemaak, en dit maak hulle skaam en kwaad.
Mense is keelvol. Hulle voel bedreig, vuisvoos van misdaad, moeg van probeer sin vind in die nimmereindigende kompleksiteite van ons land. En vanaand wil hulle uiting gee aan dit alles, weg van die juk van politieke korrektheid.
Die mense wag op ’n kaptein wat weer die hekke na selfrespek vir hulle sal oopskop.

EN HIER staan hy nou. Bok van Blerk. Agter ons op die koppie verskyn ’n boer op ’n perd. ‘‘Boem-boem!’’ skiet hy sy voorlaaier die donker nag in.
Ek dink aan die tablo’s van my jeug toe wit kinders swart gesmeer is om die Slag van Bloedrivier uit te beeld. Ons bly maar ’n melodramatiese ou volkie.
Bok sing sy ‘‘volkslied’’ en selfs van hier af sien jy hoe skitter sy oë. Die man is opgepomp, en geen wonder nie. Dis lekker om ’n volksheld te wees, om vir ’n aanbiddende gehoor te gee wat hulle vra.
En al is jy hoe sinies, word jy onwillekeurig meegesleur deur die opruiende akkoorde van De la Rey.
Hoe dan nou? Skielik wel die trane tog op toe ek dink aan die verskrikking en sinloosheid van die oorlog waarvan hy sing. Ek dink aan my oumagrootjie wat ses kinders in die konsentrasiekamp verloor het, ek dink aan kinders wat wegkruipertjie gespeel het in stampvol lykhuise, aan verbrande plase. Pure smartvraat.
’n Paar minute lank het ek vergeet dat ek my vreeslik vererg het toe Bok vooraf gesê het hy wil hê sy laaitie moet eendag deel wees van die biltong-braai-en-bier-kultuur.
Wil jy te kenne gee iemand gaan dit ooit verbied, wou ek hom vra. Ons leef in ’n vry land, het jy vergeet? Maar emosie wat so hoog loop, ken geen rede nie.
Terwyl Bok sing van ‘‘ ’n handjie van ons teen ’n hele groot mag’’, kan jy seker wees baie mense dink nie vanaand aan Kakies nie, maar aan die heerskappy van die ANC. Bok praat die gehoor se taal, verwoord hul onuitgesproke vrese en versugtings.

En hy wat sjarmant en sexy is, vermag wat Dan Roodt en ander regses in hul wildste drome nie kan nie – om die volk op te sweep tot hulle brul van vreugde en trots.
Ja, die manne by Bok se konsert is vol bravade en grootpraat, maar dis baie meer blaf as byt.
Wanneer sy alkohol- en testosteroonvlakke weer onder beheer is, kan jy redelik seker wees Fanie Brits gaan Maandagoggend langs sy swart kollegas by die bank inval en teetyd saam sit en skinder oor die baas.
Dis nie die groot gros Bok-betotteldes oor wie ons ons hoef te bekommer nie. Al swaai hulle soms ou vlae rond, bedreig hulle nie die goeie orde van ons land nie. Nee, dis die enkelinge, die verstotenes wat die gevaarligte laat flikker.
Soos die jong lat wat skuins agter my op aandag gestaan het terwyl Bok De la Rey gesing het. Hy't die mees verbete trek om sy mond gehad wat ek in 'n lang tyd om 'n jong mens se lippe gesien het.
Ek ken daai uitdrukking, ek ken die rigiede lyftaal, die skaars onderdrukte woede. En hy het geen druppel gedrink nie. Hy't nie lyf geswaai of in die jollifikasie gedeel nie. Hy's hier om na 'n bevrydingslied te luister met sy hand op sy bors, sy oë donker poele van wie weet wat.
Hy herinner my aan die Wit Wolf, besef ek met 'n koue rilling. Dis ouens soos hy wat laatnag op webtuistes komplotte smee om die regering omver te werp en volksvreemdes uit die weg te ruim.
Ek kyk na hom en dink, Bok, jy speel met vuur, my ou. Dis tyd dat jy daai jong man daaraan herinner dat genl. Koos de la Rey 'n man van vrede en verdraagsaamheid was wat oorlog net as 'n heel, heel laaste uitweg gesien het. Dit was juis De la Rey wat gewaarsku het: ''Tref 'n kompromie en behou ten minste 'n deel van jou vryheid. Maar as jy alles eksklusief wil behou, gaan jy alles verloor.''

AGTER my rekenaar terug in die Kaap kyk ek na foto's van die konsert en wonder weer oor die glinstering in Bok se oë.
Ek dink nie dis rassisme of patriotisme of enige ander -isme nie. Miskien is dit die vonkel van geld, van rande wat rol danksy mense se nostalgie, woede, vrese en lojaliteit aan die Afrikaner-kultuur. Dalk die soort kyk van iemand wat die Lotto gewen het en nog kwalik sy geluk kan glo?
Maar wat hom ook al dryf en wat jy ook al daarvan dink, een ding staan soos 'n paal bo water: Bok het my laat dink én voel.
Hy't my herinner aan 'n ander liedjie oor die Boeregeneraals. Ek spoor Laurika Rauch se Die Gang op en besluit dit spreek meer tot my hart: ''In die donker gang is 'n skildery van De Wet, Cronjé en De la Rey, en die perde se oë het moeg gelyk, want die strewe na vrede is 'n eindelose stryd . . . en soos die aarde draai, sal 'n haan weer kraai . . .''